higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT

KUNSGESKIEDENIS N5

12 Oktober 2020

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 11 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

Sien slegs TWEE vrae in hierdie afdeling na.

VRAAG 1

1.1 1.1.1 Student se respons✓ Verduideliking✓✓ (3)

1.1.2 Maatskaplike kommentaar – bedelaar op die straat – wil gewoonlik geld hê maar hier sê hy hy wil nie kleingeld ('change') hê nie, eerder verandering ('change') in die wêreld. Hy maak 'n woordspeling met die dubbele betekenis van die woord. (2)

1.1.3 Ja (1)

1.1.4
- Sjablonering word gebruik. Spuitverf. Laat kunstenaar toe om werk binne 'n kort tydjie te skep.
- Swart en wit – eenvoudig en doeltreffend – staan uit teen rooi agtergrond. (2 × 2) (4)

1.2 1.2.1 Verwronge (1)

1.2.2 Oorvleueling/meer detail in voorgrond/groter figure op voorgrond as in agtergrond of warm kleure op voorgrond en koue kleure in agtergrond (atmosferiese perspektief) of lynperspektief van straat en huise. (3)

1.2.3 Student se respons (4)

1.2.4 Geel tent (1)

1.2.5 Pattelands (1)

1.3 1.3.1 Student se keuse (1)

1.3.2 Beeld 'n figuur in 4 bewegings uit terwyl hy homself uit die buitenste muur van 'n gebou losmaak. Breek uiteindelik los van wat dit ook al is wat hom teruggehou het. Laaste figuur is onafhanklik van die res van die werk – gevoel van prestasie/oorwinning. Kan politiese/persoonlike vryheid of vryheid van verslawing ens. wees. (4)

1.3.3 Word deel van die omgewing – wink vir verbygangers om te kom deelneem – Hulle kan in die nis staan wat die laaste figuur oopgelos het. (3)

1.3.4 Ritme word deur verskeie progressiewe houdings van die figuur geskep soos wat hy probeer losbreek – skep gevoel van beweging. Herhaling van figure. (2)

1.4 1.4.1 Helderkleurige blou perde staan in kontras met lewendige rooi, groen en geel kleure van die landskap. Primêre kleure – komplementêre kleure
Blou wat met spiritualisme geassosieer word, staan in kontras met grondkleure. Blou/koue kleure op die voorgrond en warmer/rooi, oranje en geel kleure in die agtergrond om diepte te skep – atmosferiese perspektief.
Blou ook manlike kontraste met geel (vroulik)
Rooi – aards/swaar (4)

1.4.2 Kurwes van rooi heuwels herhaal die lyne van die perde se geronde flanke – toon geen ruimtelike onderskeid tussen perde en omgewing nie (2)

1.4.3 Oop – perde se bene, wit, geronde vorms, heuwels – gesny (2)

1.4.4 Student se respons (2)
[40]

EN/OF

VRAAG 2

Sien slegs VRAAG 2.1 OF VRAAG 2.2 na.

2.1 PREHISTORIESE KUNS

2.1.1 Rooi – hematiet/rooi oker/ferrioksied
Swart – houtskool/roet/mangaan
Wit – silica/klei/gips/kaolien/voëlmis
Geel – limoniet/geel oker
Bindmiddels – eiergeel/plantsap/albumen/vet/urine/bloed (vir rituele beelde) (6 × 2) (12)

2.1.2 (a) Petroglief – 'n rotsgravering
(b) Egalitaries – gemeenskap waar almal gelyk is
(c) Sjamaan – iemand wat in 'n toestand van beswyming raak. Kan gesondmaak ens in daardie toestand
(d) Kaggen – bedrieërgod van die San. Kon van vorm verander.
(4 × 2) (8)

2.1.3 Student se keuse
BV 1: N'KOSASANA ELAND – NOORDOOS-KAAP
Beeld 'n enkele eland uit – Onbeskadude bi-chroom piktogram.
3-D geskep deur: Syaansig, agterboude effens gedraai. Wit gebruik om die verste ledemate uit te beeld. Kleurverdeling tussen nek en skouers. Dun bruin lyn op die voorkop versterk die 3D-effek
EENHEID verkry deur: Wit vorm van voorbeen word al met die maaglyn langs verleng – bring wit en bruin vorms by mekaar uit – skep so 'n geveol van eenheid. Verlenging van bruin lyn van skouer tot voorkop.

BV 2: KLEIN JAKKALSIE VAN MAANHAARRAND
Uit die vroeë tydperk van graveerwerk – Ingesnyde gravering – Verkry deur 'n lyn in 'n rots in te krap – Kalligrafiese tegniek – Buitelyngravering wat baie skaars is – Syaansig – Kuns van die enkele vorm/figuur d.w.s. slegs een dier op 'n rots – Dier kom rustig en afgesonder van die wêreld voor – Statiese houding - uitstekende tegniese vaardigheid – Weerspieël vernuf van waarneming – Hoeke afgewissel – Oorgang van vaste vorms na delikate uiterstes ('extremities') – Geen verwringing of uitrekking
(2 × 10) (20)
[40]

EN/OF

2.2 **VROEË TRADISIONELE SUID-AFRIKAANSE KUNS**

Student se keuse

Bv. Irma Stern, Walter Battiss, Baines, Bowler, Jackson Hlungwane of enige ander tersaaklike kunstenaar (2 × 20) **[40]**

EN/OF

VRAAG 3: HINDOE- EN ISLAMITIESE KUNS

Sien óf Hindoe-kuns óf Islamitiese kuns na:

3.1 HINDOE – Baie van die kuns is godsdienstig – simbolies in gebare en voorwerpe wat in die kunswerk ingesluit is. Gebruik vir gebed (puja) – 'n Beeldhouwerk, beeld of ander simbool van god word beskou as gevul met die godheid se kosmiese energie eerder as wat dit self die godheid is. Veelvuldige arms toon die krag van die gode – vermoë om verskeie dinge gelyktydig te doen – Dit was 'n eenvoudige, doeltreffende manier om die godheid as alomteenwoordig en almagtig voor te stel. Demone word met veelvuldige koppe uitgebeeld – toon hul bomenslike krag.

Die gebruik van veelvuldige koppe of ledemate – toon wisselende aspekte van die karakter van die godheid. Geen individualiteit nie – figure word beskou as vorms wat meer volmaak is as enige figuur in menslike modelle.

ISLAMITIES – Islamitiese kuns mag nóg die menslike nóg die dierlike vorm uitbeeld – fokus is meer op dekoratiewe vorms. Die Koran is in Arabiese skrif geskryf – het die ontwikkeling van abstrakte ornamentele vorms en patrone beïnvloed. Het Arabiese kalligrafie gebruik. Gekombineer met geometriese en blompatroon. Gebruik van geometriese beginsels en weerspieëling van 'n gevoel van ritme in die ingewikkelde, herhaalde patrone – kan teruggevoer word tot Arabiese belangstelling in wiskunde en sterrekunde. Godsdiens het 'n belangrike invloed op Islamitiese kuns. Patrone – verwys na die gedagte om aardse voorwerpe te verbloem sodat dit die aardse lewe kan oortref. Het vorms en patrone uit Bisantynse kuns gebruik – daarop uitgebrei. Het belangrikheid van eenheid, logika en orde beklemtoon. Sirkel is die grondslag vir baie patrone. Het liniaal en gradeboog gebruik om patrone te skep. (10)

3.2 HINDOE-KUNS – TEMPEL
Argitektuur en beeldhouwerk – aaneengeskakelde groot nisse in die drie buitemure van die heiligdom bevat beeldhoufigure wat verskillende aspekte van die godheid uitbeeld. Buitesale en portaal bevat ook beeldhouwerke. Alhoewel 'n Hindoe-tempel opgedra word aan die glorie van 'n god, – is die doel ook om aanbidders te help om moksha te bereik. Mure bevat dus beeldhouwerk wat die ander 3 doelwitte van lewe te weerspieël – dit laat ons toe om die vele sintuiglike en sekulêre temas te verstaan wat die mure van Hindoe-tempels versier.

Suid-Afrikaanse voorbeeld – Hare Krishna-tempel, Chatsworth
Gebou in 1969. Grootste Hare Krishna-tempel in Afrika. Ryklike versiering – marmerteëls, goudgetinte vensters, koper ornamente, kristalkandelare, goue beeldjies. Tempel ontwerp in die vorm van 'n lotusplant. Kleurvolle panele teen die plafon – verteenwoordig vergange dae van Heer Krishna.

ISLAMITIESE MOSKEE
Soortgelyk aan Romeinse, Bisantynse en Persiese argitektuur – Moslems het hierdie plekke in die 7de en 8ste eeue verower. Ook beïnvloed deur Chinese en Indiese argitektuur. Die koepel volg die patroon van die Heilige Grafkerk.
Uitgebreide mosaïeke – soortgelyk aan Bisantynse kerke
Hoefboog – gewilde verskynsel in Islamitiese strukture.
Onderskeidende motiewe – wiskundige temas van geordende herhaling, gestraalde strukture, ritmies patrone.
Fraktaalmeetkunde – belangrike gebruikswaarde
Gebruik ook suile, pylers ('piers'), boë, nisse en suiltjies ('colonnettes')

Bv. Nizamiye-moskee – Midrand, Johannesburg.
Grootste moskee in die Suidelike Halfrond. Beset tweederdes van 'n hektaar. Planne is in Turkye, maar aangepas vir Suid-Afrika se boustandaarde. – Voltooi in 2012 – argitektuur in die Ottoman-styl – Hoofkoepel wat 31 m hoog en 24 m wyd is. (15)

3.3 Student se keuse.

HINDOE-voorbeeld: Shiva Nataraja 12de eeu (Chola-dinastie)
Brons. Gewilde beeldhouwerk van Shiva (een van die hoofgode van Hindoeïsme) as Nataraja (Heer van die Dans) wat die Kosmiese Dans dans. Volmaaktheid van balans en harmonie. Twee hande wat simboliese voorwerp vashou – 'n vlam en drom wat vernietiging en skepping simboliseer. Nog twee hande word met voorgeskrewe gebare – *mudra* – getoon.
Shiva dans op 'n demoondwerg (wat onskuld verteenwoordig). Shiva dans binne 'n kring vlamme. Herhaling van vlamme behou harmonie in die beeldhouwerk. (Enige ander voorbeelde)

ISLAMITIESE voorbeeld: Keramiekteëls (gedateer tussen 14de en 15de eeu) met Arabiese teks. Op die teëls staan die teks 'watter uitstekende metgeselle is blydskap en geluk nie'. Dit word verskeie kere herhaal. Die teëls is as versiering vir ’n gebou gemaak. Kalligrafie was 'n fundamentele element van Islamitiese kuns wat die geleentheid gebied het om ornamentele vorms daaruit te ontwikkel. Die Arabiese teks, wat in die Koran (heilige boek vir Islam) gebruik word, het die ontwikkeling van abstrakte, ornamentele vorms en patrone beïnvloed.

(Enige ander voorbeelde) (15)
[40]

TOTAAL AFDELING A: 80

AFDELING B

Sien enige DRIE vrae in hierdie afdeling na.

VRAAG 4: ANTIEKE EGIPTIESE KUNS

4.1 4.1.1
- Egiptenare het in 'n hiernamaals geglo.
- Die liggaam moes bewaar word sodat die 'ka' daarheen kon terugkeer.
- Hulle is ook met aardse goedere begrawe as hulp in die hiernamaals.
- Organe is verwyder en in kruike geplaas.
- Vlees is uitgedroog en later met olies en kruie behandel en in doeke toegebind. (5)

4.1.2
- Ka – die lewenskrag van die heelal.
- Het die liggaam in lewe vergesel.
- Het ná die dood teruggekeer na die liggaam om dan aan te beweeg na die hiernamaals. (3)

4.1.3 Het die farao in die hiernamaals bygestaan. Het raad en die rigting gegee oor hoe om te voort te gaan. (2)

4.2
- Belangrikste bron van water en lewe.
- Jaarlikse vloede het vrugbare grond vir landbou verseker.
- Water vir besproeiing en oeste.
- Het geglo dat 'n mens ná die dood die Nyl moes oorsteek om by die volgende wêreld uit te kom. Godsdienstige doel.
- Papirus het op sy oewers gegroei. (5)

4.3
- Skrif van antieke Egipte
- Gebruik om gebeure aan te teken
- Figuurlik, simbolies en foneties (3)

4.4 Ankh (2)

4.5 Student se keuse (10)

4.6 Student se keuse (10)
[40]

EN/OF

VRAAG 5: ANTIEKE GRIEKSE KUNS

5.1 Doriese orde – vroegste van die drie; eenvoudige, onversierde suil; kapiteel rus direk op die stilobaat van die tempel sonder basis; gegroef ('fluted'); stewig

Ioniese orde – ontstaan in Ionië (Turkye); volute (boekrol-tipe versierings) kenmerkend van die kapiteel; basis ondersteun die suil; elegante verhoudings; slank en sierlik

Korintiese orde – laaste en die mees oordadige; uitgebeitelde kapiteel; sluit plantelement in; gestileerde, uitgebeitelde blaarpatroon; slank (3 × 4) (12)

5.2 Hul gode; liefdestonele; alledaagse tonele; jag; doodmaak; helde; mitologie, ens. (5)

5.3
- Patera
- Pelike
- Loutrophoros
- Stamnos
- Krater
- Psykter (Enige 3 × 1) (3)

5.4 Student se keuse (2 × 10) (20)
[40]

EN/OF

VRAAG 6: ANTIEKE ROMEINSE EN VROEË CHRISTELIKE KUNS

6.1
- Die verskillende kulture waarmee hulle in aanraking gekom het – Egiptenare, Grieke, Afrika, Persië ens.
- Historiese waarde van die mens
- Politieke figure
- Staatshoof
- Waarneming van natuur ens. (5 × 2) (10)

6.2
- Ionies
- Dories
- Korinties (3 × 2) (6)

6.3
- Ornamentele kunswerk
- Gemaak deur glas, klip, teël ens. saam te voeg
- Het prente geskep – prentmosaïek
- Mosaïeke uit Pompeii (mosaïekfontein) (4)

6.4 Student se keuse (20)
[40]

EN/OF

VRAAG 7: MIDDELEEUSE KUNS (ROMAANS EN GOTIES)

7.1 'n Groteske mense- of dierestandbeeld wat as 'n geutpyp dien.
Ook om die bose af te weer. (2)

7.2
- 'n Versterkende struktuur vir 'n muur
- Loop skuins af van 'n aparte suil
- Vorm 'n boog met die muurstutte (3)

7.3 Brandskildervensters het die kuns van mosaïek of muurskilderye soos in vorige kerke gesien, vervang. Die effek van lig wat deur die verskeidenheid kleure filter, is besielend. Hierdie kleure is verkry deur minerale by glas te voeg terwyl dit in 'n gesmelte toestand is. Wanneer daar teen die lig daarna gekyk word, lyk die lig deurskynend terwyl die lood en yster wat die glasstukke saamvoeg, ondeurskynende swart lyne word wat die figure omlyn.

Soos by beeldhouwerke buite is die onderliggende tema van die vensters die wyding van die kerk as 'n heiligdom van die Maagd Maria. Gildes wat die verskillende ambagte verteenwoordig, het al die vensters geskenk. (10)

7.4 Student se keuse

Bv. Goties – Die Chartres-katedraal
Romaans – Sint Sernin-katedraal, Durham-katedraal (25)
[40]

EN/OF

VRAAG 8: RENAISSANCEKUNS

8.1 8.1.1 Beteken 'Wedergeboorte' of 'Herlewing'. (1)

8.1.2 Verwys na die herlewing of hergeboorte van die idees van antieke Griekeland en antieke Rome. Herlewing van kuns, wetenskap ens. (2)

8.2 Drukpers/Monokels ('eyeglasses')/Horlosie/Teleskoop ens. (2)

8.3 Student se keuse bv. Botticelli – Geboorte van Venus (2)

8.4
- Lugperspektief (of atmosferiese perspektief) – verwys na veranderinge van kleure en vermindering van besonderhede namate dinge in die verte terugbeweeg.
- Lynperspektief – skep diepte deur alle lyne na 'n verdywnpunt saamtrek (2)

8.5 Koepel van Sint Pieterskerk (1)

8.6 Hy het figure realisties ('naturalistically') uitgebeeld. Het Renaissance-kunstenaars beïnvloed.
Student se keuse bv. Die Bewening ('The Lamentation') (10)

8.7 Student se keuse

Bv. Michelangelo: Sistynse kapel – Skepping van Adam/La Pietà ens.
Leonardo da Vinci: Laaste Avondmaal/Mona Lisa ens. (2 × 10) (20)
[40]

EN/OF

VRAAG 9: BAROKKUNS

Student se keuse

Peter Paul Rubens/Rembrandt/Gian Lorenzo Bernini/Caravaggio/Enige ander kunstenaar wat hulle bestudeer het. (2 × 20) **[40]**

EN/OF

VRAAG 10: ROMANTIEK, NEOKLASSISISME EN REALISME

10.1 10.1.1 ROMANTIEK – Saam met die Franse Revolusie van 1789 en die einde van die monargie, het die kuns wat dit ondersteun het, ook gesneuwel. 'n Nuwe soort skildery was nodig om die heroïsme van die Nuwe Republiek te vier. Het as antwoord op die ontnugtering met rede en orde in die nasleep van die Franse Revolusie van 1789 ontluik. Anti-establishment-beweging. Gekenmerk deur dubbelsinnigheid, verwikkeldheid en onsekerheid.

NEOKLASSISISME – Politieke en maatskaplike strukture in Frankryk was ná 1750 in 'n kritieke toestand – staat was amper bankrot. Middelklas was moeg van onderdrukking deur die aristokrasie. Tydens die ekstreme politieke en ekonomiese krisis in Frankryk in 1789, het die Franse Revolusie begin. Onder die diktatorskap van Napoleon Bonaparte, is 'n militêre mag op Europa losgelaat. Neoklassisisme – verbind aan politieke gebeure - offisiële styl van die nuwe regering. Ná opgrawing in Italië van die ruïnes van Herkulaneum in 1738 en Pompeii in 1748, het hulle uitgesien na die 'edele eenvoud en rustige grootsheid' van Grieks-Romeinse kuns.

REALISME – Strewe daarna om die toestande en swaarkry van die armes akkuraat weer te gee – hoop op verandering in samelewing. Realisme bied strak visie van armoede en wanhoop. Die fokus is op Jan Alleman. (10)

10.1.2 Student se keuse

Romantiek – bv. Goya, Gericault, Delacroix

Neoklassisisme – bv. Jacques-Louis David, Jean Auguste Ingres

Realisme – bv. Jean-François Millet, Gustave Courbet (20)

10.2 ROMANTIEK – Geestesinstelling – behels uitdrukking van 'n idee in 'n verbale eerder as visuele uitdrukking.
Indirekte protes teen die ontoereikendheid van maatskaplike toestande
Verteenwoordig hoofsaaklik middelklashoudings eerder as dié van die aristokrasie

NEOKLASSISISME – herlewing en nabootsing van antieke Griekse en Romeinse kuns. Belangstelling in eer/patriotisme/heroïsme/vaderland voor self

REALISME – het te doen gehad met gewone mense as onderwerp – plattelanders in die landery, werkers, stampvol trein ens.
Het alledaagse kleinboere met dieselfde belangrikheid voorgestel as wat gewoonlik vir mense van die adelstand gebruik word.
Reaksie teen akademiese skilderkuns. (10)
[40]

TOTAAL AFDELING B: 120
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou